Tsepe Game Services Pty Ltd
Posbus 114
Jagersfontein
9974

Frikkie – 082 771 6239
Tillana – 063 459 8439

26 APRIL 2019

Goeie dag Herman,

Insake: Boedel Wyle T.J Rudman, kwotasie om wild af te haal.

Hierby my voorstelle en voorlegging na aanleiding van ons vergadering gister.

Ek het bloot my getalle geskat na beraming van laas jaar se getalle wat ek gehad het. Ek het ook bereken hoeveel spesies wild ons verminder het en dan ook die aanteel van die diere in hierdie somme in berekening gehou. Ek was baie konserwatief en het op ‘n 20% aanteel gewerk wat bykom. Dit is net ‘n skatting aangesien daar nog nie weer ‘n wildtelling gedoen is nie en ons nie 100 % akkurate getalle het om mee te werk nie.

Ek het die oes/vang getalle bereken op so 35 – 40 % wat sodoende die plaas steeds baie gunstig los om nog jagte met Suid-Afrikaners of Buitelanders deur die jaar te jag en sodoende julle inkomste aan te vul deurlopend vir 2019. Op die springbokke het ek op 50 % gewerk om af te haal aangesien hulle 2 keer per jaar lam (April en September)

Hierdie is ons persoonlike aanbeveling en voorstel aangesien ons reeds laas jaar op die plaas gewerk het en ’n goeie idee het om die plaas en sy spesie getalle te bestuur.

Indien julle enige onsekerhede het in hierdie verband skakel my gerus, ek is beskikbaar om julle te sien en enige vrae te beantwoord.

Hieronder aangeheg is ons kwotasie om die wild te oes / vang.

Vriendelike Groete
Frikkie Botha

Spesie	Geskatte Getal	Oes Getal	CullPrysR/kg Excl vat	Cull Geskat Excl Vat	Vang Familie Excl Vat	VangBulle Excl Vat	Totaal Excl Vat
Swartwildebees	250	85	R 16.00	R 1 120	R 1 100	R 1 500	R 100 300.00
Blesbok Bruin	120	50	R 16.00	R 750	R 800	R 800	R 40 000.00
Blesbok Wit	90	40	R 16.00	R 750	R 1 000	R 1 000	R 40 000.00
Blouwildebees	160	60	R 16.00	R 1 650	R 1 650	R 1 900	R 102 000.00
Eland	220	65	R 18.00	R 3 200	R 3 200	R 4 500	R 224 900.00
Gemsbok	16	3			R 4 000	R 4 500	R 12 300.00
Rooibok	25	6			R 1 000	R 1 000	R 6 000.00
Lechwe	12	12			R 2 500	R 2 500	R 30 000.00
Zebra	60	40	R 13.00	R 2 250	R 2 250		R 72 000.00
Rooihartebees	240	120			R 2 200		R 211 200.00
Springbok gwn	1500	750	R 23.00	R350-R420	R 400	R 450	R 307 500.00
Waterbok	42	10			R 2 500	R 4 500	R 29 000.00
Kudu	120	20			R 2 000	R 4 500	R 50 000.00
							R 1 225 200.00

- ✓ *ALLE Helikopter kostes word deur Skiet Span gedek*
- ✓ *Slegs R44 of UH300 helikopter word gebruik vir oes van wild*

Neem asseblief Kennis: Uitdunning van Wild

- WILD WORD GEWEEG KARKAS VEL AAN
- WILD WORD GEWEEG OP DIE PLAAS VIR KONTROLE TEENOOR ABATTOIR
- 3% VOG VERLIES WORD AFGETREK VIR WARM NA KOUE GEWIG
- KOELTROKKE STAAN BY OM WILD SOOS GESKIET TE VERVOER
- BETALING WORD GEDOEN 14DAE NA KOELTROK BY ABATTOIR AFGELAAI HET
- ‘’ LETTER OF INTENT TO PURCHASE ‘’ VAN ABATTOIR KAN VOORSIEN WORD INDIEN U DIT SOU VEREIS

PROFESSIONELE UITDUNNING VAN WILD

- ONS VOORSIEN ONS EIE MOBIELE ABATTOIR VIR SLAGTING VAN WILD
- ONS VOORSIEN ONS EIE WERKERS VIR SLAG SOWEL AS BAKKIE WERK
- AS TENDER AANVAAR WORD KAN ONS BINNE 14DAE BEGIN OES
- TENDER PRYSE IS GELDIG VIR 14DAE NA DATUM ONTVANG

VANG VAN WILD

- Die vang seisoen het reeds 1 Maart begin. Die weer is dus nou perfek geskik om bokke te vang sonder om hulle te oor eis. Die Vang seisoen sluit weer September maand en daarna word dit weer te warm en meeste diere is ook dan swaar dragtig daardie tyd, wat dit weer moeilik maak om selektief te moet vang.

- Ons sal gebruik maak van die helikopter om diere te vang d.m.v netgun en Massa vangste. (Net krale en seil krale).

VANG VAN WILD

- ONS VOORSIEN ONS EIE “RECOVERY SPAN” VIR VANGS VAN BOKKE
- ONS VOORSIEN VOERTUIE VIR VANGS VAN BOKKE SOWEL 15 ARBEIDERS OM GRONDWERK TE DOEN.
- ONS VOORSIEN ONS EIE TOERUSTING (SEILE, NETTE, NETGEWEER EN CHOPPER)
- HELIKOPTER WORD DEUR TSEPE GAME SERVICES VOORSIEN EN BETAAL
- VEEARTS VIR PYLWEK WORD DEUR TSEPE GAME SERVICES VOORSIEN